HOËRSKOOL RANDBURG

**Algemene Oueromsendbrief nr. 14 van 2024**

24 Oktober 2024

Geagte Ouers/Voogde

Na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering wat op 23 Oktober 2024 plaasgevind het, gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

**Die skoolgelde vir 2025 is vasgestel op R38 850.00 per leerder en is soos volg betaalbaar:**

1. 'n Eerste paaiementbetaling, (R3 885.00) wat deel vorm van die skoolgelde vir 2025, is betaalbaar voor of op 30 November 2024.
2. Indien u die volle skoolgelde vir 2025 voor of op 31 Desember 2024 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R3 300.00.
3. Indien u die volle skoolgelde vir 2025 voor of op 28 Februarie 2025 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R2 100.00.
4. Skoolgelde is betaalbaar op die 1ste van elke maand in 10 gelyke paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober 2025. (Die betaling wat u in November 2024 lewer – vereffen 1 Januarie 2025 se skoolgeldpaaiement.)
5. Bankbetaling in die skoolrekening met verwysing as volg:

   **HOËRSKOOL RANDBURG**
   **ABSA BANK**
   **TAKKODE: 632005**
   **REKENINGNOMMER: 170 680 065**
   **VERWYSING: SG/FAMILIEKODE EN VAN**

   DIT IS UITERS BELANGRIK OM DIE REGTE VERWYSING TE GEBRUIK.

6. Indien u die skoolgelde per debietorder wil betaal, moet u 'n debietordermagtigingsvorm voltooi. Stuur 'n e-pos aan debiteure@hsrandburg.co.za en ons sal die mandaatvorm aan u stuur, of u kan dit by mev. E. van Rooyen in die Finansieskantoor afhaal.

**Die volgende is by die skoolgelde vir 2025 ingesluit:**

- alle vereiste akademiese opleiding;
- vervoer na alle amptelike akademiese, sport- en kultuurekskursies binne 100km radius;
- weeklikse ekstra klasse soos geskeduleer;
- sport- en kultuurafrigting;

- naskoolsentrum;
- Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (eerste sielkundige konsultasie);
- basiese sporttoerusting (spanverband);
- gratis *Wi-Fi* vir almal.

**Die volgende word nie by die skoolgelde vir 2025 ingesluit nie:**

- skoolklere en sportdrag;
- handboeke en leermateriaal;
- verbruikersitems vir take;
- sosiale skoolfunksies;
- materiaal vir praktiese vakke;
- toer- en/of kamp- en kursusgelde;
- sakrekenaars en tekenapparaat;
- individuele naskoolse ekstra klasse – Let wel: groepsklasse is gratis;
- professionele afrigtersfooi – bo-en-behalwe normale afrigtingskoste in begroting vervat;
- langafstandvervoer – verder as 100km;
- persoonlike voorkeur sport-toerusting, bv. krieketkolf, spykerskoene, ens.;
- persoonlike/individuele kondisionerings- en ontwikkelingsfooie (sport- & kultuuraktiwiteite).

Indien u nie by magte is om vir skoolgelde te betaal nie, kan u aansoek doen om vermindering van skoolgelde. Hierdie aansoeke sluit op **28 Februarie 2025**. Vorms moet persoonlik by mev. E. Van Rooyen by die kantoor vanaf **2 Desember 2024** afgehaal word en persoonlik vanaf **15 Januarie 2025** ingedien word. Geen e-posse word aanvaar nie.

Vriendelike Randjiegroete

E. GOUWS
ADJUNK-HOOF: FINANSIES

P. BOOYSEN
HOOF